

**Dinsdag 14 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:51-58**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:55**

**Jesus se oorwinning laat ons soos oorwinnaars leef!**

Die grootste stryd wat die mens in sy lewe het, is om te stryd teen die dood. Diep in ons is daardie begeerte om ewig te leef. Tog herinner elke grys haartjie ons aan die dood wat nader kruip. Elke nuwe plooi en skeet herinner ons aan ons verganklikheid.

Daarom lyk dit op die oog af of Satan in die tuin van Eden oorwin het. Hy het gekry wat hy wou hê. Hy het dit so bewerk dat Adam en Eva van die vrug geëet het, en daarom is die dood nou die mens se grootste vyand. Dieselfde het met Jesus se dood aan die kruis gebeur. Die Een wat die Verlosser van die mensdom moes wees, word as vervloekte aan 'n kruis opgehang. Dit lyk of die duiwel kry wat hy wil hê. Jesus sterf!

Indien ons nie verder kyk nie, sal ons in daardie pessimisme bly leef. Ons sal sonder hierdie heerlike hoop wees. Ons sal verslae toekyk hoe alles om ons onherroepelik skeefloop en dit sal ons in groot wanhoop dompel. Angs en droefheid en haat sal ons lewens oorheers. Ons sal leef asof die dood die laaste sê het. Asof daar niks meer aan die sonde en die sleg van hierdie lewe gedoen kan word nie.

Wat die opstanding van Christus ons egter leer, is dat ons hoop verby die graf strek. Ons leef in die oorwinning van Christus. Christus het uit die dood opgestaan en daarom sal ons dood ook uitloop op die ewige lewe! Dink so daaraan: Indien jy 'n rugbywedstryd kyk en jy jou in daardie wedstryd inleef, sal jy kwaad word vir elke aanslaan wat gemaak word en elke strafskop wat afgestaan word. Dis selfs senutergend! Hoekom is dit dan soveel anders wanneer jy die heruitsending kyk en weet dat jou span gewen het? Dis anders, want die spanning is weg. Jy weet dat jou span gewen het en daarom kan die aanslane en strafskoppe nie meer 'n invloed op die eindtelling hê nie.

Net so moet ons lewens ook getuig van ons oorwinning in Christus. Die teleurstellings, beledigings, vervolging en selfs die dood is sleg, maar ons weet dat dit nie 'n invloed op ons oorwinning het nie. Ons oorwinning word bepaal deur Christus en nie deur wat in hierdie lewe gebeur nie. Daarom, kom ons leef vanuit die vrede wat hierdie oorwinning ons gee!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*